Die Pro - Leon de Villiers

KARAKTERS

tiaan

- Tiaan is die hoofkarakter in die verhaal.
- Hy is 17 jaar oud en in standerd 9 / graad 11.
- Hy sukkel om sy vriend Dirkie se dood te verwer:
    * Hy wil nooit weer surf nie en wil niks met die see te doen hê nie
    * Hy kan nie oor Dirkie huil nie – tot een dag in die Biologie klas toe Yvette vir hom 'n briefie gee en sê dat sy verskriklik vir Dirkie mis
- Die Pro is in die vorm van 'n dagboek wat Tiaan vir Dirkie skryf.
- Hy maak die dagboekinskrywings in 'n Biologie werkboek waarin hy humoristiese (snaakse) opsommings van sy werk maak om dit vir homself meer interessant te maak om te leer.
- Tiaan is baie skaam – veral vir Jasmine (bl. 34 "…ek staan altyd met 'n bek vol tande.")
- Aan die begin van die verhaal is hy verlief op Jasmine.
- Hy maak nie maklik maats nie.
- Hy is goeie vriende met Albert en Yvette. Aan die einde van die verhaal raak hy verlief op Yvette.
- Later is hy nie eintlik meer vriende met Albert nie, omdat Albert stories oor hom versprei het.
- Hy raak goeie vriende met Hermann.
- Hy verander deur die loop van die verhaal – hy begin Dirkie se dood aanvaar / verwerk en begin daaroor praat.

dirkie

- Dirkie was Tiaan se beste vriend.
- Hy sou ook nou in graad 11 gewees het.
- Hy is die vorige jaar dood:
    * Hy het te veel gedrink.
    * Hy het gaan surf.
    * Die water het baie rof geword.
    * Almal het uitgeklim, behalwe Dirkie.
    * Hy het sy kop teen sy branderplank gestamp.
    * Hy was bewusteloos.
    * Hy het verdrink.
- Sy geaardheid:
    * Hy was arrogant.
    * Hy kon baie moeilik word (bl. 23: "kon jy maar goed beneuk word")
    * Hy kon baie hardkoppig wees (bl. 49: "Jy kon dêm hardkoppig wees as jy wou
    * Hy het maklik vriende gemaak en kon maklik met mense gesels.
    * Hy was baie lief vir die see en het baie van die seelewe geweet.
    * Hy het daarvan gehou om die beste te wees en om "af te show" (bl. 65)
    * Hy was baie snaaks en het altyd grappe vertel.

Albert

- Albert is ook in graad 11.
- Hy was 'n goeie vriend van Tiaan, totdat hy stories oor hom by die skool versprei het.
- Hy het altyd langs Tiaan in die bus gesit.
- Hy is grootmond – hy get altyd gespog oor wat hy het en nog gaan kry.
- Hy het nie goed met sy ouers oor die weggekom nie, veral nie sy pa nie.
- Hy loop weg van die huis af.
- Hy het stories oor Tiaan by die skool versprei – hy het vir almal gaan vertel dat Tiaan verlief is op Jasmine.

Yvette

- Yvette is ook in graad 11.
- Sy was Tiaan en Dirkie se vriendin.
- Sy hou baie van die natuur.
- Sy verstaan vir Tiaan en probeer hom help – sy wil hom weer by die see kry.
- Sy kry uiteindelik vir Tiaan dat hy huil oor Dirkie se dood
    * Sy het vir hom 'n briefie in die Biologieklas gegee waarin sy sê hoe baie sy vir Dirkie mis.
    * Tiaan begin huil
    * Tiaan begin Dirkie se dood verwerk.
- Aan die einde van die verhaal gaan sy en Tiaan uit. Hulle het op die katkisasiekamp besef hulle hou van mekaar.

Geyer

- Hy is 'n joernalis
- Hy is 'n alkoholis
- Hy is geskei
- Hy kom na Vlakberg om oor die egskeiding te kom
- Hy probeer Tiaan kry om Dirkie se dood te aanvaar
- Hy sê Tiaan is 'n lafaard omdat hy nie weer wil surf nie.
- Hy stel voor dat Tiaan Biologie meer interessant vir homself moet maak – hy sê Tiaan moet sy opsommings humoristies maak, dan sal hy die werk beter onthou.
- Hy probeer selfmoord pleeg
- Aan die einde van die verhaal besluit hy om sy lewe reg te ruk. Hy gaan vir rehabilitasie.

Hermann

- Hermann is die nuwe seun in graad 11.
- Hy kom van Namibië af.
- Hy en Tiaan raak baie goeie vriende.
- Hy help vir Tiaan om later weer see toe te gaan en te surf.
- Bl. 60: "Hy het 'n goeie sin vir humor"
- Bl. 72: "Hy steur hom min aan wat ander mense van hom sê of dink.
- Bl 81: "Hy is baie rustig. Hy word nie sommer kwaad nie.

Kruiwa

- Kruiwa was Tiaan en Dirkie se Biologie-onderwyser in graad 10.
- Tiaan is bly hy is nie weer in Kruiwa se klas nie. Hy is nou in Mev. Beukes se klas.
- Hy hou nie van Tiaan of Dirkie nie.
- Hy is sarkasties, arrogant en aggressief.
- Hy probeer altyd vir Tiaan vasvat.
- Hy is onbeskof.

Corré

- Corré is Dirkie se jonger broer.
- Hy sukkel om Dirkie se dood te verwerk:
    * Hy dra sy hare soos Dirkie s'n.
    * Hy luister na Dirkie se musiek.
    * Hy kry 'n oorbel.
    * Hy begin rook.
    * Hy begin al hoe meer soos Dirkie te lyk.
- Hy is baie ontsteld toe sy ma Dirkie se goed ("wetsuit" en surf-tydskrifte) vir Tiaan weggee. Later bring hy dit wel vir Tiaan.
- Hy was baie erg oor sy broer gewees.
- Aan die einde van die verhaal kom hy en Tiaan goed oor die weg – hulle gaan saam see toe en gaan surf.